KAROO HOOGLAND
MUNISIPALITEIT
NC066

'n Gemeenskap wat omgee vir hul Erfenis.

PUBLIEKE KENNISGEWING

PLANNE OM PEPERBUS TE FRASERBURG TE HERSTEL

Raadslede van Karoo Hoogland, asook mnr. J. Jonkers en mnr. A. Gibbons, saam met verteenwoordigers van SAHRA tydens hul voorlegging oor die pad vorentoe vir die Peperbus te Fraserburg, wat in September 2026 ineengestort het.

Die Raad van Karoo Hoogland Munisipaliteit het op 28 Oktober 2026 'n voorlegging en terugvoer van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne-owerheid (SAHRA) ontvang rakende die tragiese ineenstorting van die Peperbus te Fraserburg in September 2026.

RAADSBESLUITE EN VOLGENDE STAPPE

1. 'n Projekplan sal binnekort opgestel word om die proses vir die herstel van die Peperbus uiteen te sit.
2. 'n Memorandum van Verstandhouding (MoU) sal opgestel word om die rol en verantwoordelikhede van die betrokke rolspelers duidelik te omskryf.
3. Die publiek sal betyds in kennis gestel word van 'n openbare vergadering waar tydens die voorgestelde proses uiteengesit sal word.
4. Ná die openbare vergadering sal 'n vergadering met alle moontlike rolspelers gehou word om samewerking en verdere stappe te bespreek.
5. Die projek sal in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP/IDP) opgeneem word, sodat moontlike befondsing vir die herstel, ondersoek en uitvoering bekom kan word.

Die Munisipaliteit verbind hom tot 'n deursigtige proses en sal die gemeenskap op hoogte hou van verdere verwikkelinge.

29/10/2026